Tema: God, ons Vader, kan en sal jou help en troos in jou swaarkry, vertrou op Hom!

Lofsang met die oog op die erediens
Ps. 146 – 1: 1,6,8
Ps. 145 – 1: Beurtsang: 1 (almal), 5 (susters), 11 (broers), 12 (almal)

Ontmoetingsdiens
Intreelied Sb 2 – 4: 1
Votum
Seën
Loflied Ps. 9 – 1: 1,7,8,9,10.
Geloofsbelydenis: Heidelbergse Kategismus Sondag 9.

Verootmoedigingsdiens
Wetlesing: Eks 20: 7 - Fokus op die Derde Gebod: HK Sondag 36.
Sing: Sb 10 – 1: 1,2 (2 de Mel van Ps 50 – Melita)
Gebed.

Woorddiens
Skriflesing: 2 Korintiërs 1: 1 - 11
Teks: 2 Korintiërs 1: 3 - 5
Sing Sb 14 – 2: 1 (Kleuters gaan na hulle bediening)
Woordverkondiging.

Antwoorddiens
Sing Ps. 23 - 1: 1,2
Gebed
Sing Lied 588:1
Seën
Amenlied Sb13-2.

Elke gelowige gaan deur tye van swaarkry en beproewing. Tye waarin jy smag na hulp en troos en bemoediging! Tye waarin jy, soos ons gelees het van Paulus-hulle in vers 8 en 9, selfs dink dat alles verby is, dat daar ŉ doodsvonnis oor jou geval het en dat daar geen hoop meer is nie.

Die vraag is: by wie gaan soek jy jou hulp, troos en moed as dit so sleg met jou gaan?

Geliefde br. en sr en liewe kinders, glo ons nog regtig dat God ons dan kan help en troos wanneer dit so sleg met ons gaan? Het ons nie dalk al in ons denke oor God ŉ grens getrek oor dit wat vir God moontlik is of nie? Wat Hy kan of nie kan doen nie – veral as my situasie regtig benard of donker lyk? Dat God nie my nie regtig in alles kan help nie?

Dit is nie vreemd om so oor God te dink nie! Na die ondenkbare verskrikking en ellende van die Tweede Wêreldoorlog het mense so oor God begin dink! Mense het gesê God is dood! God bestaan nie of God is nie staat om iets aan sulke verskriklike omstandighede te doen nie. Vandag glo mense weer dat die mens homself kan help – dat ons God nie nodig het nie!

Miskien dink jy ook so oor God en daarom – alhoewel ons in Hom glo – plaas ons dalk ons vertroue in baie slegte omstandighede meer in ons eie vermoë om die situasie om te keer as om ons vertroue in die Here te stel. Of dalk plaas ons ons hoop op ander mense om ons te help want dit lyk nie of God kan help nie? Dalk soek ons eerder troos en hulp in geld, medisyne of die superwetenskap van ons tyd?

Geliefde brs en srs, daar is lidmate en baie mense rondom ons wat geen hoop meer sien nie! Wat – alhoewel hulle sê dat hulle glo – nie regtig glo dat God hulle kan help nie! Omstandighede waarin mense beland word so hopeloos en moeilik dat hulle regtig hulle hoop op en vertroue in God verloor!

En daarom bring die Here vir ons vanmore hierdie goeie nuus: God kan en sal jou help en troos in jou swaarkry en beproewing! Al lyk jou persoonlike omstandighede of dit waarmee jy worstel so hopeloos en onmoontlik: God, ons Vader deur Jesus Christus is en bly die enigste bron van ware hulp en troos! Plaas daarom jou hoop en vertroue op Hom!

Brs en srs, dit is duidelik uit ons teksgedeelte dat lyding en swaarkry altyd deel van ons lewe sal wees! Paulus maak dit duidelik in vers 5 dat daar altyd "vir ons oorvloed van lyding sal wees ter wille van Christus". Wanneer jy in Christus glo en Hom volg dan sal daar swaarkrytye kom! Baie swaar en diep tye in jou lewe! Jesus het dit self ook gesê! Om in Hom te glo beteken jy moet ŉ kruis dra! Om in die voetspore van Jesus te loop is nie ŉ maklike pad nie!

Daar is ʼn leuen oor God wat vandag deur sommige mense verkondig en deur baie mense geglo word, naamlik dat God net voorspoed vir sy kinders beskik. Hulle sê bv. wanneer jy in God glo sal dit altyd goed gaan met jou! Jy sal voorspoed en geluk geniet en alles in jou lewe sal net vreugde wees!" En as dit nie goed gaan nie – dan lê die probleem by jou en jou geloof! Glo net meer en jy sal meer en meer geluk en voorspoed beleef!

Maar dis ʼn leuen van die Satan waarmee hy baie gelowiges in donker dieptes laat val. Want sodra hulle swaarkry dan word hulle geloof en vertroue in God word geskok omdat dit dan nou nie met hulle gaan soos wat daar vir hulle belowe is nie! En hulle val in ʼn put van wanhoop want hoe kan ek self daaruit kom?

Nee, die realiteit van die gebroke, sondige wêreld is dat ook gelowiges deur baie diep beproewinge gaan! Daarvan getuig Paulus self baie duidelik in hierdie brief oor sy eie lewe as volgeling van Christus. En ek en jy kan ook vanmore daarvan getuig! Jy sit dalk vanmore in so ʼn hopelose situasie van jou huwelik, jou siekte, jou werksomstandighede, ons landsomstandighede en wonder hoe gaan jy daar uitkom!

MAAR, geliefde br en sr, nog sekerder as die feit dat jy in hierdie lewe lyding sal ervaar, is die feit dat God ons Vader die enigste ware bron van hulp, troos en bemoediging is. Dwarsdeur 2 Korintiërs weerklink hierdie wonderlike evangelie! Te midde van ons swaarkry staan ons hemelse Vader ons by met sy troos, bemoediging en hoop! Dit is die sekerheid waarmee God ons vandag huis toe wil stuur!

Dit is waarom Paulus die Korintiër brief met ʼn lof en danklied begin. In die meeste van sy ander briewe begin Paulus met ʼn gebed oor die mense aan wie hy skryf, maar hier begin Hy om God te loof vir die feit dat Hy waarlik ons Trooster en Helper is!

Paulus wil vir die lidmate in Korinte hoop en uitkoms bring met hierdie boodskap! God kan en sal ware hulp en troos vir jou gee in die moeilikste van moeilike omstandighede! Inteendeel: daar is geen omstandigheid waarin jy kan beland waarin God jou nie kan help nie! Paulus maak dit duidelik in ons teksvers: God help en troos in ALLE omstandighede! Kyk in vers 4 " in elke moeilikheid bemoedig Hy ons"!

Die woord wat Paulus hier gebruik vir "beproewing" of "moeilikheid" beteken in sy kern om "iets pap te druk". Enige moeilike omstandigheid, verdrukking, lyding, vervolging, ongemak, angs of vyandige optrede wat jou liggaamlik, geestelike en emosioneel plat druk! Daar help God jou!

Brs en srs, hierdie boodskap was soos manna uit die hemel vir baie mense in Korinte wat deel was van die destydse Griekse wêreld. Die meeste lidmate van Korinte het grootgeword in die Griekse denkwyse oor die lewe, oor hulp en troos. Die Griekse godedom het hulle denke gevorm!

Die Griekse leefwêreld het nie veel hoop aan mense in moeilike omstandighede gebied nie! Dit was ŉ koue en harde wêreld waarin mense geglo het dat die lewe een lang swaarkry is en dat die dood eintlik uitkoms bring!

Hulle het wel geglo aan die onsterflikheid van die siel van ŉ mens, maar hierdie onsterflike siel het geen troos gebied nie! Hulle het geglo dat jou onsterflike siel jou juis nie rede gee dat jy mag huil en rou nie! Wanneer jy swaarkry is die enigste troos dat jy dan moet dink aan die tye toe dit met jou goed gegaan het. Die troos lê dus in – jy het dit eens op ŉ tyd goed gehad en nou moet jy maar die slegte tye ook vat en hanteer. En eendag gaan jy van hierdie swaar aardse liggaam en lyding bevry word.

Daar was in die Griekse godewêreld bykans ŉ god vir elke ding op aarde behalwe dat daar was nie ŉ god vir troos was nie! Mense is totaal hulpeloos en troosteloos gelaat wanneer hulle deur moeilike tye gegaan het. En nou kom Paulus met die wonderlike evangelie: maar ons God is die God en Vader wat omgee (Vader van ontferming) en die God wat troos en bemoediging bring!

Die woord wat Paulus gebruik vir God wat Hom "ontferm" dui op hartlike en innige simpatie en die emosie van ware omgee en meelewing! God is genadig, Hy kry jammer en Hy gee om vir sy kinders in nood! Paulus wys dus in die eerste plek op God se hart! Hoe die Here oor jou voel wanneer jy deur beproewinge moet gaan! In Filippense 2: 1 noem Paulus dit "innige meegevoel en meelewing". Die Here voel saam met jou jou seer en nood!

Maar Hy kry jou nie net jammer nie! Hy doen ook iets. Vir hierdie hulp van God gebruik Paulus die bekende Griekse woord "paraklesis". Die oorsprong van hierdie woord dui daarop "om iemand na jou toe te roep sodat jy hom kan help"! En dit is wat God doen! Dit dui op bemoediging, vertroosting, aanmoediging en ja ook soms vermaning en teregwysing wat nodig is. Dit is wat God vir jou doen! Hy gee hoop en troos en aanmoediging en ware hulp!

Brs en srs, God het hierdie omgee en hulp wat in sy hart vir ons is, gewys deur Jesus in ons seerkrywêreld te stuur. God is nie afwesig uit ons leefwêreld of soos ŉ Griekse afgod wat geen simpatie toon nie! Nee, Hy kom in Christus juis in ons stukkende wêreld in om ons te kom help! En nie net om vir ons sonde te betaal en vir ons die ewige lewe te bewerk nie! Maar ook om ons in hierdie wêreld – hier waar ons seerkry en swaarkry – te troos, te help en te red!

Jesus het met sy offerbediening alle fasette van mense se swaarkry en beproewing aangespreek! Jou geestelike worstelinge met jou sonde, jou emosionele worsteling en jou liggaamlike worstelinge! Waarmee jy ook al worstel en in welke slegte en hopelose omstandighede jy ook al mag wees – daar bring God in Jesus vir jou sy hart en sy hande. Kyk maar net na Jesus se lewe op aarde – hoe Hy regtig vir mense wat swaarkry omgegee het. Hy het bykans nie by ŉ siek mens verbygestap

sonder om te help nie! Hy het mense se emosionele en geestelike lyding raakgesien en dit het sy hart geraak. Ons lees daarvan in Matteus 9 vers 36 waar daar staan: “Toe Hy die menigtes sien, het Hy hulle innig jammer gekry, want hulle was moeg en hulpeloos soos skape wat nie ’n wagter het nie.” En daarom was Jesus bereid om sy lewe af te lê sodat God se bemoediging, sy troos en sy hulp vir moeg en hulpelose mense tot beskikking kan wees! Hy vir ons die Vader se hart van omgee en hulp kom wys!

Hy troos en help jou! En daar is niks te groot vir God nie – niks wat in jou verhouding met Hom kan gebeur of in jou huwelik, jou gesinslewe, jou emosionele lewe of jou liggaamlike worstelinge, jou werk en omstandighede - God help jou in alles.

Om hierdie rede het ons Vader ook die Heilige Gees aan ons gegee! Hy wat juis moes kom om ons Helper en Trooster te wees. Daarom noem Jesus hom ook die “Parakleet”: die Trooster en Helper, Raadgewer, Assistent en Tussenganger om altyd by ons te wees en ons te help! Die Engelse woord vir troos is “comfort” en dit kom van Latynse woorde wat beteken “saam is ons dapper”! Is dit nie mooi nie? God en sy ontferming en nood kom staan saam met ons en in Hom is ons dapper! Kan ons in elke omstandigheid God se troos en hulp en redding beleef!

Paulus getuig self daarvan. Kyk maar dwarsdeur die brief aan Korinte hoe Paulus hierdie twee lyne wat hy hier in hf 1 trek ook in res van die brief deurtrek. Aan die een kant altyd die werklikheid van swaarkry MAAR aan die ander die kant die werklikheid van God se tasbare en betroubare hulp en troos.

Kom ons kyk ten slotte na hierdie lyn van troos in Korinte om ons te bring by die oproep tot vertroue in en oorgawe aan God en sy hulp in ons grootste nood! Dat ons ook moed kan skep en nood moedeloos raak of deur ons omstandighede oorweldig word nie.

Kyk net hoe troos en bemoedig die Here sy kinders:
(Skyfie 1)
Hf 4: 1 “God het Hom oor ons ontferm en hierdie bediening aan ons opgedra. Daarom word ons nie moedeloos nie. “

Hf 4: 8 - 10 [8]In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie; ons is oor raad verleë, maar nie radeloos nie; [9]ons word vervolg, maar nie deur God verlaat nie, op die grond neergegooi, maar nie vernietig nie. [10]Die sterwe van Jesus dra ons altyd saam in ons liggaam, sodat ook die lewe van Jesus sigbaar kan word in ons liggaam.”

4: 16 “Om hierdie rede word ons nie moedeloos nie. Al is ons uiterlik besig om te vergaan, innerlik word ons van dag tot dag vernuwe. “

Skyfie 2
Hf 5:6–8 “[6]Daarom is ons altyd vol moed. Ons weet dat, solank as ons in die liggaam bly, ons nog nie by die Here woon nie, [7]want ons lewe deur geloof, nie deur sien nie. [8]Ons is vol moed en sou liewer ons verblyf in die liggaam wil verlaat en by die Here gaan woon.”

Hf 7:5–6 “[5]Toe ons in Masedonië gekom het, het ons geen rus of duurte gehad nie. Van alle kante was daar druk op ons: van buite onenigheid, van binne sorge. [6]Maar God wat die neerslagtiges opbeur, het ons ook opgebeur deur die koms van Titus,”

Skyfie 3
Hf 12:7–9 [7] Daarom, sodat ek nie hoogmoedig sou wees nie, is daar vir my ’n doring in die vlees gegee, ’n boodskapper van Satan om my met vuiste te slaan. [8]Drie maal het ek die Here gebid dat dit van my af weggeneem moet word. [9]Sy antwoord was: “My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is.” Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees.”

Geliefde brs en srs en liewe kinders, moenie moedeloos word of in God begin twyfel nie! In jou grootste beproewing vanuit jou bang wees, in jou onsekerheid, vanuit jou twyfel – Stel jou vertroue in God -HY KAN EN SAL jou help! Hy is die bron van jou hulp en troos en elke omstandigheid – ook daar waar jy dink God nie meer kan help nie! Juis daar sal Hy Hom oor jou ontferm en jou help!

Vertrou op die Here, bid en smeek en wag op Hom – Hy sal jou nie teleurstel nie!
Skep moed en weet: God kry jou jammer en Hy sal jou help!

Amen

Kom ons stel nou ons vertroue in die Here en sing saam uit Ps. 23 – die pragtige beeld van God wat ons Herder is en wat ons lei en help!